

MYMERINGE

Ben sit in sy studeerkamer, die ou groot stoel 'n teken van sy akademiese loopbaan. Hy dink terug, lank, lank terug. En daar is hy weer in daardie tydperk, en hy herleef die gebeurtenisse van jare terug.

Hy onthou hoe hy op die perron van die ou stasie staan. Sy ou tas, vol gepak met sy klere staan langs hom. Die droë lug sit in sy keel vas en hy kyk uit oor die karoovlaktes en let op hoe die son die aarde bak.

“As die net wil reën,” dink hy. Reën, reën, wonderlike, kosbare, verfrissende reën. Maar daar is nie 'n wolk te sien nie.

Die trein kom fluit-fluit by die stasie in. Moeg, tel hy die tas op, klim by die ou stowwerige deur in, en kry vir hom 'n sitplek tussen al die ander mense wat Kaap to reis. Hy wonder by homself hoeveel verskillende stories hulle kan vertel, waarvandan hulle gekom het, waarheen hulle gaan, en hoekom.

“Hulle wonder ook oor my,” dink hy. En hoekom ek juis nou Kaap toe ry.

So 'n lang, mislike storie. Die werkaanbod by die plaaslike hospitaal wat tot niet gekom het, die sukkel om 'n ander werk te kry, die swaarkry toe hy vir die skaapboer eindelijk gaan werk het ... en Sarie. Aai daardie liewe, pragtige meisie, Sarie.

Snaaks haar van is Marais, en hy sing saggies by homself: My Sarie Marais is so ver van my ...”

“Ag nee, nou moet ek op hou met hierdie gedagtes en voort gaan met my lewe.”

Maar hy dink terug aan die waterdammetjie met die doringboom op 'n maanlig nag toe hy en Sarie afskeid geneem het. So 'n hartseer storie. Hy dink ook aan al sy kwalifikasies as mediesepraktisyn, en hoe hy op die ou end die boer se skape moes versorg, met hulle snaakse kwale. Pote wat vrot, wurms, oogkwale ... ag nee, die herinneringe wil hy ook nie aan dink nie.

Hy voel in sy baadjiesak vir die brief van aanstelling van Groote Schuur Hospitaal.

Dit is nie sy ideaal nie, maar hy sal ten minste sy loopbaan as dokter kan voortsit.

En hier, in sy studeerkamer is daar nou 'n brief van Sarie ... Sarie Marais, nou Sarie Strydom. Hier val 'n foto uit. Hy kyk vas in die pragtige gesig van 'n beeldskone jong dame ... en die briefie lees: Jammer dat ek jou nie vertel het nie ... maar ontmoet jou dogter.

Julie Hattingh